

ds. PJ Kriel

22.01.2017

Inhoud Die Psalm openbaar dat God ons Rots en Verlosser is. Hy is ons Rots deur ons deel van sy volmaakte skepping te maak en te laat wees. In sy sorg en onderhouding van ons deur sy skepping is Hy alwys en almagtig. Hy is ons Verlosser wat ons in sy verbondstrou vergewe selfs al weet ons nog nie eers ons het sonde gedoen nie. Daarom is sy wet die volmaakte wyse waarop Hy ons wys op en onderrig in sy bedoeling met ons as mens in sy skepping. In sy wet ontsluit Hy vir ons die wysheid hoe om deel te wees van ons skeppingsdoel as mens. Om ons skeppingsdoel te kan ken gee ons weer lewenskrag en lewensvreugde. Daarom is sy wet vir ons reg, goed en volmaak en wil ons God se wil hoor as sy bevele, sy opdragte, sy voorskrifte, sy bepalinge en sy gebooie om ons te lei in die wysheid om deel van ons skeppingsdoel te wees. Ons wil God se wil nie meer hoor as net 'n riglyn waar ons ons eie betekenis aan ons lewe gee en self moet besluit hoe en wanneer ons na God se wet wil luister nie.

Liturgie 1. Lied 209 (2x) Skriflesing en prediking; Evangelie lesing 2. Lied 273 verse 1, 3, 4. Nuwe wetslesing 3. Ps. 119 verse 4, 7, 8, 18. 4. Lied 462 1, 2, 3.

Skriflesing Psalm 19; Romeine 1: 18 – 23; 7:22; 8: 1- 4;

Teks Psalm 19: 15, Here my Rots en my Verlosser, vers 8 Die wet van die Here is volmaak. Dit gee nuwe lewenskrag.

Tema. God gee ons deur sy wet die lewenskrag en lewensvreugde om mens binne sy volmaakte skepping te wees.

1.Bevele wat 'n mens nuwe lewenskrag gee! In die 1953 vertaling word gesê dat die wet en bevele van die Here verkwik my siel! Opdragte wat jou bly maak! Jou hart verbly!

Dit is hoe die nuwe wet van die Here in die lewe van sy kinders werk.

Die kinders! Kan julle dink dat daar so iets kan wees?

Opdragte wat jou bly maak en bevele wat jou lus maak vir die lewe! 'n Opdra beteken jy word gesê wat jou plig is, wat jy moet doen. 'n Opdrag is nie vra of jy wil nie. Dit is sê wat jy moet. 'n Bevel beteken jy moet aanvaar die een wat dit vir jou sê mag dit vir jou sê en jy moet dadelik doen wat hy sê, sonder om te dink of te wonder of jy dit anders wil doen.

En wanneer dit vir jou só gesê word maak dit jou lus vir lewe en gee dit jou krag vir die lewe.

2. Dit is teen alles wat ons as moderne mense dink, voel en glo van bevele en opdragte.

Ons het só 'n houding oor bevele en opdragte: “Moenie vir my sê wat om te doen nie, vra my mooi!”; “Moenie so met my praat as jy iets wil hê nie!” “Moenie my beveel of opdragte gee nie, vra asseblief!”

Ons trek hierdie houding ook op God: moenie vir my sê wat om te doen nie, vra my mooi!” Dit doen ons deur vir ons self wys te maak dat die Here se wet is net riglyne. Dit hoor ons aanhoudend van die kansels af. Dit Tien Gebooie is net riglyne.

Wat beteken die woord “riglyne”?

Dit beteken dit is net wenke. Wat is 'n wenk? Dit is 'n mening oor hoe jy dink iets gedoen moet word, maar die persoon vir wie jy die wenk gee moet self besluit of dit goed en reg is, en of dit is hoe hy dit wil doen of nie.

Daarom is dit 'n aanvaarde oortuiging binne die geestelikheid van die kerk dat dit so gepreek, geleer en geglo moet word: Jesus het gekom om die Tien Gebooie net riglyne te maak. Jesus maak God iemand in ons lewe wat ons net wenke gee, vir ons net sy mening gee oor hoe ons moet leef, maar ons kan en moet self besluit wat reg, goed en vir ons die beste is want dit is ons lewe.

3. Psalm 19 sien die Here se wet glad nie as God se mening of God se wenke asof ons self moet besluit of dit reg en goed is nie.

Vers 8. God gee vir sy kinders opdragte, dit is bevele, nie wenke nie. 'n Opdrag beteken dat jy nie kan sit en wonder of besluit of jy dit wil doen nie. Jy moet dit doen soos die Here vir jou sê om te doen.

Vers 9. God gee aan sy kinders sy bepalings, nie sy mening nie. 'n Bepaling beteken Hy stel vas wat jy moet doen en daar is niks verder daar oor te sê nie.

Vers 10. God stel die eise vir hoe Hy gedien moet word, Hy gee nie riglyne vir hoe hy gedien moet word nie. Die 53 vertaling gebruik die woord verordeninge van die Here. Dit beteken Hy besluit en stel vas hoe sy wil is en hoe dit gedoen moet word.

Vers 9. Daarom is die Here se wil oor hoe ons moet leef vir ons altyd 'n gebod. Hy gebied wat Hy vir ons sê wat om te doen. Sy gebooie kan nooit riglyne wees in die sin dat ons sy opdragte kan oorweeg hoe goed, hoe reg, hoe van toepassing, hoe prakties, hoe wenslik en hoe uitvoerbaar dit is nie. Wanneer hy gebied wat Hy wil, dan is dit goed, reg en moet dit net gedoen word soos Hy dit sê.

God gee ons deur sy wet die lewenskrag en lewensvreugde om mens binne sy volmaakte skepping te wees

Daarom is en bly die Here se wil altyd die Tien Gebooie. Dit word nooit God se tien wenke of menings nie. Hy stel niks aan ons voor vir oorweging nie. Hy gebied sy gebooie.

4. Is dit hoe u wil hê?

God moet my gebied. God moet my beveel. God moet vir my bepaal en vasstel wat ek moet doen. God moet aan my sy eise stel hoe om te leef.

Wat is Dawid se houding teenoor God wat beveel en gebied?

Hy stel dat wanneer die Here so met Hom praat, gee dit vir hom nuwe lewenskrag en maak dit hom bly. Meer nog, hierdie manier waarop die Here met hom praat is begeerliker as goud en soeter as heuning! Vers 11.

Vir Dawid is die 'n vreugde en sy innerlike begeerte dat God so met hom sal praat. Dit is so soet soos heuning wat lewenskrag gee met elke kien bietjie wat jy eet.

Wat vir Dawid 'n begeerte en bron van vreugde is, is vir elke moderne mens afstootlik. God wat só praat soos Dawid van getuig, maak mense opstandig en maak dat hulle God en godsdiens verwerp. Dit maak dat hulle vir hulle 'n ander kerk gaan soek waar God net riglyne gee, net sy wenk en mening gee, terwyl hulle self sal besluit hoe en of hulle dit so kan doen.

Want God moet net riglyne gee en as Hy dan klaar riglyne gegee het, dan moet die Here vir ons verduidelik hoekom sê Hy so en moet Hy ons lus maak om sy gebooie te onderhou.

As die Here nie vir ons kan verduidelik hoekom Hy iets as riglyn gee of ons nie kan motiveer en lus maak om te doen wat hy sê nie, dan kan Hy ons nie beveel om dit te doen nie.

5. Wat maak dat Dawid so houding teenoor die wet van God het: "Die wet van God is volmaak as wet." Dit is volmaak as gebod, as opdrag, as bevel, as bepaling, as eis en as verordening.

U hoor dit is die geloofsvertroue wat Dawid in aanbidding teenoor God stel in vers 15: "Here, my Rots en my Verlosser."

Met hierdie vertroue wys erken hy wie is die Here van sy volmaakte wet. Die Here van die volmaakte wet is sy Rots en sy Verlosser.

Hierdie twee woord is 'n opsomming van die eerste en laaste deel van die Psalm.

Die Here is Rots is 'n erkenning van wie Hy is wat alles gemaak het en daarvoor geëer word in verse 1 tot 7. Die Here is my Verlosser, is 'n erkenning van alles wat die Here vir Dawid doen in verse 13 tot 15.

6. Kom ons kyk hoe is die Here Dawid se Rots.

Dawid hoor hierdie boodskap elke dag in die handewerk van die Here. Die handewerk van die Here gee dag vir dag hierdie boodskap vir Dawid en nag na nag hierdie kennis – God is my Rots.

Stilte wat praat!

Ons is elke dag deel van hierdie tipe kommunikasie, stilte wat praat. Van die belangrikste oomblikke en gebeurtenisse in ons lewens gebeur in stilte. Daarom word van die belangrikste boodskappe wat mense vir mekaar gee, gegee deur stil te bly. Stilte praat! Stilte sê baie keer meer as wat woorde kan sê.

- Wanneer jy haar hand vashou en sy sê niks met woorde nie maar alles met stilte;
- wanneer jy 'n sterwende geliefde se hand vashou waarmee jy alles sê sonder woorde;
- wanneer 'n kind sy arms om jou sit en jou vashou sonder om te praat!

Stilte praat! Stilte bring die boodskap!

Dit is hoe God vir Dawid alles sê oor Hy Dawid se Rots. Met die stilte van die kosmos en die stilte van die son. Hulle gee 'n duidelike boodskap sonder woorde, sonder stem en sonder spraak.

7. In hierdie stilte hoor elke mens: God se handewerk is volmaak! Met hemelruim en hemelkoepel beskryf Dawid digterlik wat ons vandag ken as die kosmos. Nag op nag kry ons hierdie woordlose, spraaklose en stemlose boodskap: God is Skepper. Ek kyk na sy handwerk en hierdie handewerk van die Here wys hy is God! Hierdie handewerk wys Hy is Almagtig en Alwys, die Maker van alles en alles wat gemaak is, wys Hy is volmaak soos sy handewerk.

Hierdie kosmos wat net in die aande sigbaar is in sy oneindigheid en onmeetlikheid, ster op ster, sonnestelsel op sonnestelsel, melkweg op melkweg, galaksie op galaksie, bring die boodskap in stilte – God is wys, goed en almagtig.

Dit is hoe Pauls dit ook verwoord: “Van die skepping van die wêreld af kan 'n mens uit die werke van God duidelik aflei dat sy krag ewigdurend is en dat Hy waarlik God is, hoewel dit dinge is wat 'n mens nie met die oog kan sien nie.” Rom. 1: 20.

En wanneer die hemelruimtes in die daglig verdwyn hou die boodskap nie op nie. Die son hou met presies dieselfde stille boodskap aan, waar die sterre en maan opgehou het.

Die boodskap van die son is dat God nie alles net volmaak gemaak het nie, maar dat Hy aan alles lewensenergie voorsien. Net soos 'n bruidegom vervul is met lewenskrag en lewensenergie wanneer hy uit sy huweliksnag opstaan, so maak God die son.

Dit gee lewenskrag en energie vir alle lewe op aarde. Niks ontkom aan die gloed van die son nie, nie as vernietigende mag nie, maar as bron van energie vir alle lewe op aarde.

8. In digterlike taal wys Dawid wat verkondig die son oor God: God gee alle energie wat vir die lewe nodig is deur die son. Hy maak nie net die skepping volmaak nie. Hy gee ook al die energie wat vir die lewe nodig is om volmaak te lewe.

Hierdie getuigenis oor God is gewoon ook net wetenskaplik waar. Alle energie vir lewe op aarde kom uit en deur die son. God gee die son as energiebron van alle lewe op aarde. Sonlig gee plante die energie om chlorofil en suurstof te maak – die kos, energie wat nodig is vir alle lewe, ook menslike lewe, en suurstof wat vir alle lewe nodig is; die son gee energie wat plante omsit in hout vir vuur; die son gee die energie wat in plante vasgelê word om eeu later olie of steenkool te wees – wat ons as gebruik vir brandstof of elektrisiteit; die son maak wolke en veroorsaak seestrome waarmee die water wat vir die lewe nodig is gevorm word.

Alle lewensenergie wat ons as mense nodig het kom van die en uit die son, die bron van energie wat die Here se handwerk is. En die Here dryf die son aan met die atoomenergie wat in die hele skepping opgesluit lê.

Dit is die stille boodskap van die son: God is ons Rots. Die Here se handwerk is volmaak en Hy versorg dit volkome met alles wat nodig is – kos, suurstof, water, olie, steenkool, elektrisiteit en hout. Hy is alwys, almagtig en goed. Ons hoor dit. God is ons Rots. Ons kan staatmaak op sy sorg as god vir lewe en lewensenergie deur sy handwerk.

9. Ons mag nooit die ingrypende geloofsdeurbraak hoor in hierdie geloofsverklaring nie: die Here gee die son as bron van lewensenergie vir ons nie.

In Egipte in die tyd waarin hierdie Psalm geskryf is, het al die wetenskaplikes en magtiges van Egipte geglo die son is 'n god. In Sumerië waar Abraham vandaan gekom het, was die maan vir al die wetenskaplikes en magtiges 'n god. Hulle kon nie en wou nie die son en maan as die handwerk van God sien nie.

God gee ons deur sy wet die lewenskrag en lewensvreugde om mens binne sy volmaakte skepping te wees

Daarom kon hulle ook nie die stille boodskap oor God hoor nie. In die son en maan het hulle iets anders gehoor, gevoel en ervaar – goddelike krag. Wat God gee as lewensenergie, sonkrag vir menslike lewe, het hulle geglo en ervaar as die krag van God se goddelikheid, nie die krag van God se handwerk nie.

Want hulle wou dit so ervaar!

Wanneer sonkrag God se goddelike krag is, dan vervul die son jou met goddelikheid, nie met lewensenergie as die skepping van God se handwerk om mens te wees nie. In sonkrag het hulle gevoel hulle is naby God se goddelikheid, deel van God se goddelikheid en hoe nader hulle gekom het hoe magtiger het hulle geword. So magtig dat die Farao naderhand elke oggend vroeg offers by die Nyl moes gaan bring sodat Hy as die groot verteenwoordiger van die songod, sorg dat die son opkom. So goddelik dat die son sy handwerk geword het, ironie genoeg, deur die krag van die son.

Kan u hoor wat verkondig Dawid as hy sê dat God self die son op sy baan laat beweeg en self in die aande die son in sy tent laat sak om more weer op te kom! Dit is die wonder van God se handwerk, nie die mag van 'n Farao wat sy krag uit sonkrag kry nie.

Wie goddelike krag soek, hoor nie die stille boodskap van die handwerk van God nie. Hulle soek God se krag in die lewenskrag van God se handwerk. Dit is presies wat mense al meer ongelowig vandag in meditasie soek: hoe om so stil te word dat jy God in jou kan vind en deel van die krag van God kan word. Wie so mediteer, kan nie meer die stille boodskap van die maan en son hoor nie, die handwerk van God nie: God sorg vir lewe en die energie van menslike lewe deur sy handwerk. God gee nie menslike lewe deur mense deel van sy goddelikheid te maak nie. Hy gee dit deur sy handwerk, sy skepping.

10. Hoe kon Dawid die boodskap van God se handwerk hoor terwyl al die ander nasies dit nie kon hoor nie?

Dit sien ons in hoe Dawid aankondig hoe God wat sy Rots is, ook sy Verlosser is. Dawid stel die evangelie in twee sinne in sy gebed: “Moet my tog nie straf vir sondes wat ek onwetend gedoen het nie” en “Weerhou my van opsetlike sondes, laat hulle nie oor my heers nie.”

In hierdie twee sinne wys Dawid hoe God se liefde en verbondsgenade net so diep en verborge werk soos sonlig met duisternis. In die sin, niks ontkom aan die son se gloed nie, wys dit hoe diep die son alle duisternis verdryf en lewenskrag skep, waar duisternis moes wees in donkerklowe en bosse.

God gee ons deur sy wet die lewenskrag en lewensvreugde om mens binne sy volmaakte skepping te wees

So is God se verbondsliefde en genade. God vergeef sondes wat ons self nie sien as sondes nie. Ons mag hierdie sin nie verkeerd verstaan so asof die Here jou vergewe weens jou onkunde nie. Dan sal die sin so moet lees dat die Here jou nie straf vir onwetende sondes nie, maar net straf vir sondes wat jy weet dit is sonde.

Dit is juis presies net nie wat hier oor God se liefde en genade gewys word nie. Hierdie sin wys dat God ons sondes vergewe nog voordat ons besef dit is sonde. Terwyl ons nog glo dat ons met ware liefde en goedheid besig is, wat niks anders as sonde is nie, vergeef God dit al vir ons.

Dit is presies wat Dawid van die Here bely in Psalm 103: "Hy handel met ons nie volgens ons sondes nie, vergeld ons nie vir ons ongeregtighede nie, want so groot as wat die afstand tussen die hemel en aarde is, so groot is sy liefde vir die wat ho dien. (verse 10, 11)

God vergeef sondes nog voor ons weet dit is sondes,

- nog voor is jammer is oor sondes,
- nog voor ons kan erken dat wat ons doen is sonde,
- nog voor ons kan beloop om ons sondes te los.

God vergeef sondes nog voor ons weet dit is sonde.

So diep deurdring sy liefde en genade ons nes die son se strale elke donker plek op aarde deurdring. So is God my Verlosser.

Meer as dit! Sy liefde en genade vermurwe my vermetelheid om vir my self redes en gelowe te skep, hoekom sonde nie sonde sou wees nie.

Net soos sonkrag verrotting stop en lewenskrag bring was waar verrotting was, so gee God in sy verbondstrou en liefde 'n nuwe hart wat nie vermetel wil maak asof God 'n son of 'n maan is, en ons deel van God se goddelikheid kan word nie.

So is God se deurdringende liefde en genade ons Verlossing.

11. Wie God as Rots en Verlosser ken, hoor sy wet totaal anders as hulle wat God se handewerk sien as 'n manier om deel van God se goddelikheid te word.

Wie stille boodskap hoor dat God se skepping volmaak en sy sorg volmaak is, wie hoor dat God jou nooit behandel volgens jou sonde nie, maar altyd volgens sy verbondstrou en liefde, hoor ook dat sy wet volmaak is.

Wanneer God jou só verlos: Hy vergeef jou sondes nog voor jy weet dit is sonde en Hy genees jou verrotting deur sy liefde en genade, hoor jy totaal iets anders wanneer Hy jou sy wet bekendmaak.

God gee ons deur sy wet die lewenskrag en lewensvreugde om mens binne sy volmaakte skepping te wees

Dawid stel dit so in vers 8: Dit gee wysheid aan die eenvoudige.” en brei dit in vers 9 so uit: “dit verhelder die oë.” Waar God ons sy wet laat hoor in gebooie, voorskrifte, verordeninge, bevele, bepalings, opdragte en eise, gee Hy aan ons wysheid.

Hierdie wysheid is om die bedoeling van God wat jou volmaak gemaak het te herken en raak te sien in die wet van God. Want dit is wat elke gebod van God wys en leer: God se bedoeling van hoe jy in sy volmaakte skepping volkome mens vir God kan wees. Om God se bedoeling vir hoe jy mens moet wees te hoor, verhelder ons oë.

Die bedoeling waarvoor God ons gemaak het, gee betekenis en sin aan ons lewe. Daarom word die bedoeling van ons lewe deur die wet van God ontsluit. In sy wet hoor en sien ons hoe ons bedoel is om vir Hom mens te wees.

Dit is hoekom die wet van God ons nuwe lewenskrag gee volgens vers 8. Wie die bedoeling van sy lewe ontdek, leef in die sin en betekenis van sy lewe, is vervul met lewenskrag en lewensvreugde. En dit ontsluit die Here vir ons elke keer met elke gebod wat Hy aan ons gee.

Dit is hoe God se wet dieselfde vir ons gees doen as wat die Here se son vir ons liggaam doen! Dit gee lewenskrag! Dit gee lewensvreugde! Die wet van God ontsluit vir ons die energie om te leef in diens en tot eer van God! Dit ontsluit vir ons die kennis van die bedoeling, die sin en betekenis van ons lewe as mens vir God

12. Wat ontnem ons ons lewenskrag?

Dit is doelloosheid.

Dit is die gesukkel om net nooit te weet hoe waarvoor jy bedoel is nie. Dit is die gesukkel om net nooit deel te wees van die sin en betekenis van jou lewe soos God dit deel van sy volmaakte skepping gemaak het nie. Dit is om net nooit in te pas in die lewe soos god dit bedoel het nie. Om altyd uit pas uit te wees met die lewe en hoe die lewe geleef moet word.

Dit is dwaasheid.

Die ironie van die moderne mens is dat hy probeer om hierdie dwaasheid van doelloosheid sy krag te maak. Wie het die skepping volmaak gemaak? Dit is God. Sy handewerk wys dit dag en nag. Nou wie sal dan weet hoe jy deel van die volmaaktheid en die bedoeling van die lewe kan wees wat Hy gemaak het, Dit is God, en Hy wys dit deur sy wet.

Maar die diepste dwaasheid van ongeloof is dat mense glo hulle het hulle eie lewe en dat hulle aan hulle eie lewe sin en betekenis sal gee. Moderne ongeloof is dat

God gee ons deur sy wet die lewenskrag en lewensvreugde om mens binne sy volmaakte skepping te wees

mense glo dat hulle die doel van hulle lewe sal bepaal en dat hulle dan met die doel wat hulle vir hulle lewe bepaal het, hulle eie betekenis aan hulle lewe sal gee.

Dit is die dwaasheid wat ons ons lewenskrag en lewensvreugde ontnem

13. Ons kan dit met 'n voorbeeld toelig!

Dit gaan oor die verskil tussen die tuiste en lewe wat ouers vir kinders gee en die eie huisies wat hulle vir hulle speel-speel opmaak!

U ken hierdie speletjie van kinders! Jy as ouer sorg dat julle 'n regte huis van steen het met 'n regte dak. Jy as ouer sorg dat alles in die huis is om goed te kan leef: 'n geiser vir warmwater, 'n stoof en mikrogolf vir kosmaak, 'n yskas vir kos. Jy sorg ook die geld, die energie sodat alles gekoop en betaal kan word sodat die kinders versorg kan wees.

En dan maak hulle met kartonne, lakens en komberse hulle eie huisie binne die huis en speel hulle hulle is pa en ma wat sorg en bevele gee.

Hulle skep hulle eie tuiste en eie lewe waarin hulle met hul kinderspel self 'n nuwe doel, betekenis en sin aan hulle lewe gee – hulle speel pa en ma. In hierdie kartonhuisie is ouer nie meer die wat bevele, opdragte, voorskrifte, bepalings en eise gee nie.

Wat doen ouers met kinders wat so speel. Jy gee hulle bevel om op te hou en te kom eet, jy gee hulle opdrag om te begin met huiswerk, jy gee hulle voorskrifte oor hoe hulle hul moet gedra, jy gee hulle bepalings oor hoe hulle moet optree, en so ontsluit jy vir hulle die regte bedoeling van kind wees in jou huis.

Wat sal van 'n kind word wanneer jy hom in hierdie kartonhuisie los deur stil te bly en nooit weer opdragte, voorskrifte en bepalings te gee hoe om in die regte huis met jou as ouers te leef nie?

Hulle selfopgemaakte bedoeling in 'n speel-speel kartonhuisie is net dit – 'n speletjie! Maar wanneer jy swyg en jou wette nie meer gee nie, word dit hulle enigste werklikheid.

14. Die mens se dwaasheid waarmee hy al sy lewenskrag verspil en verloor, is die geloof dat ons self ons eie doel en betekenis vir ons lewe kan opmaak! Ons glo ons moet die sin en betekenis van ons lewe self skep! Dit is hoe ons elke dag met ons eie lewe besig is: ek sal my eie lewe betekenisvol maak soos ek voel die lewe moet wees vir my.

Wie so glo en so leef, hoor nie meer die volmaaktheid van God se wet nie. Inteendeel, dit is hoekom ons die houding het dat God net vir ons riglyne kan gee,

God gee ons deur sy wet die lewenskrag en lewensvreugde om mens binne sy volmaakte skepping te wees

waaroor ons self sal dink en besluit. Hy mag net vir ons wenke gee waarvoor ons self sal dink. Hy moet ons lus maak as Hy wil hê ons moet na hom luister en hy moet vir ons verduidelik hoekom Hy vir ons 'n wenk gee.

Want ons sal kyk of dit pas by wat ons as ons eie doel in die lewe sien en wat ons voel betekenisvol in ons lewe is. Ons sal kyk hoe pas god in ons kartonhuisie in waar onself deel van god se goddelikheid is: self almagtig, alwys en selfgenoegsaam is.

In so houding is God net iemand met wenke en menings!

En dit is wat ons lewenskrag ontnem! Ons leef in ons eie dwaasheid en eie bedoelings terwyl ons binne in die volmaakte skepping leef van God – in 'n wêreld en lewe wat Hy volmaak gemaak het. So maak ons ons eie lewe sinloos en disfunksioneel.

15. Ons moet God ontdek as ons Rots en ons Verlosser, nie iemand met net nog 'n mening, nog 'n wenk en nog 'n riglyn vir ons lewe wat ons as ons eie sien en as ons eie leef nie.

Hy het ons deel van sy volmaakte skepping gemaak waarin Hy as God ons laat deel in sy bedoeling met ons binne sy skepping!

Hy behandel ons nooit volgens ons sonde nie, maar altyd volgens die bedoeling wat Hy vir ons binne sy volmaakte skepping het.

En daarom is sy wet die wyse waarop Hy vir ons met bevele, opdragte, voorskrifte en bepaling hierdie betekenis en sin van ons lewe vir ons ontsluit.

Wie God se wet so hoor, vir hom is God se wet die bron van lewenskrag en lewensvreugde, die bron van wysheid om God se bedoeling vir my menswees binne sy volmaakte skepping te ontdek in elke wet.

Vind ek in elke bevel, opdrag, voorskrif en bepaling van God my plek in sy volmaakte skepping en word ek bevry van my eie sinlose selfopgemaakte wêreld waarin God net menings en wenke nog kan gee.

Wie God as sy Rots en Verlosser ken, vir hom is God se wet volmaak, betroubaar, reg en suiwer. Is dit begeerliker as God en soeter as heuning, want dit verhelder elke keer my oë deur die bedoeling van menswees vir God te ontsluit sodat ek in my eenvoud die wysheid daarvan kan omhels

Ek weet hoe om vir God mens te wees in sy volmaakte skepping.

God gee ons deur sy wet die lewenskrag en lewensvreugde om mens binne sy volmaakte skepping te wees